El Roi : STOP… EN SIEN GOD !

Na een spesifieke LIGskrywer-naweek was ek absoluut in verwondering oor hoe die vyf dames wat dit bygewoon het se lewenstemas oorvleuel het.

Nie een van ons het mekaar geken voor die naweek nie…

ek het nie elkeen se lewensverhaal geken voor die tyd nie …

maar GOD HET…

Hy het elkeen geken…

Hy het die fynste detail van elke lewensstorie geweet…

Ons was 'hand picked' vir die spesifieke naweek se waterput-oomblik in die woestyn.

Dit het my opnuut die waarheid laat besef : God is **die God wat Sien**…

Hy sien waar niemand anders kan sien nie …

Hy sien My … en Hy sien JOU!

Soms voel dit vir ons of God van ons vergeet het. Ek het hierdie week iets belangrik besef :

**Soms moet ek God sien in my omstandighede …**

**…en soms moet ek God in my omstandighede sien.**

Ek het aan Hagar se verhaal gedink.

Hagar het God heel eerste genoem: **El Roi** - **DIE GOD WAT SIEN**.

Net om jou te herinner wie sy was:

- ons lees van Hagar in Gen.16.
- Sy was Abram en Sarai se Egiptiese slavin.
- God het aan Abram belowe dat hy 'n groot nageslag sal hê.
- Toe Abram 86 was, het hy en Sarai nog steeds nie kinders gehad nie.
- Sarai het besluit om Hagar, aan Abram as vrou gegee.
- Hagar het swanger geraak en toe het haar gesindheid teenoor Sarai verander.
- Sarai het begin om Hagar sleg te behandel en Hagar het die woestyn in gevlug.

Ons lees :

<u>Gen.16 : 7 + 8 </u>"En die Engel van die HERE het haar by 'n fontein in die woestyn gevind… en gevra: 'Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen?"

Op watter plek is jy nou?

Sy antwoord Hom : "Ek vlug…"

Hy sê vir haar drie goed :

1) 'Gaan terug'… m.a.w. daar waar jy van wegvlug, gaan terug en gaan 'face' dit.
2) 'Die kind wat jy verwag, sy naam is Ismael.'

   Ismael beteken God HOOR !

   'Hierdie situasie waarin jy nou is – ek weet – ek HOOR JOU.'
3) 'Ismael gaan 'n groot nageslag word – Ek seën hom.

   Ek gaan hierdie vir jou goed laat uitdraai.'

Hagar het daar geweet : God het haar GESIEN - sy noem Hom El Roi – Die God wat sien.

Soms is dit nodig dat ons net 'n oomblik stop by 'n waterput in die woestyn…

…vir 'n oomblik ophou vlug…

…van my omstandighede af … van myself af… van my verlede af…

…van dit wat ek nie die moed het om te 'face' nie…

STOP NET … EN SIEN GOD !

God SIEN JOU.

God HOOR JOU.

God WIL JOU SEëN.

Hou op hardloop… STOP NET … EN SIEN GOD !

Skryf LIG!